higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT

EDUCARE DIDAKTIEK TEORIE EN PRAKTIES N4

(7080104)

14 November 2022 (X-vraestel)
09:00–12:00

Hierdie vraestel bestaan uit 9 bladsye.

100Q1B2214

Kopiereg voorbehou

DEPARTEMENT VAN HOËR ONDERWYS EN OPLEIDING
REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

NASIONALE SERTIFIKAAT
EDUCARE DIDAKTIEK TEORIE EN PRAKTIES
TYD: 3 UUR
PUNTE: 200

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord al die vrae.
2. Lees al die vrae aandagtig deur.
3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
4. Begin elke vraag op ’n nuwe bladsy.
5. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A

VRAAG 1

1.1 Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is deur slegs 'Waar' of 'Onwaar' langs die vraagnommer (1.1.1–1.1.10) in die ANTWOORDBOEK neer te skryf.

1.1.1 Morsige spel kan slegs buite plaasvind.

1.1.2 Die meeste houers wat vir sandspel gebruik word, kan ook vir waterspel gebruik word.

1.1.3 Waarnemings moet gedoen word sonder om kinders se aandag af te trek.

1.1.4 Vensters met ’n suidelike aansig in ’n babakamer kan donker en koud wees in die winter.

1.1.5 Alle rakke in ’n babakamer moet hoog wees, sodat babas nie kan seerkry nie.

1.1.6 Wanneer ’n crèche ’n kind vir spesiale hulp verwys, is waarnemings deur die opvoeder van uiterste belang.

1.1.7 Die belangrikste rede om kinders waar te neem, is om te sien wanneer hulle honger is.

1.1.8 ’n Beskrywende rekord is ’n eenmalige skriftelike rekord van ’n kind se toiletgewoontes.

1.1.9 Bywoningsregisters moet volgens die reëls van die sentrum weekliks geneem word.

1.1.10 Moet nooit enigiets op ’n skriftelike verslag uitkrap nie.

(10 × 1) (10)

1.2 Kies ’n item uit KOLOM B om by ’n beskrywing in KOLOM A te pas. Skryf slegs die letter (A–S) langs die vraagnommer (1.2.1–1.2.15) in die ANTWOORDBOEK neer.

KOLOM A		KOLOM B	
1.2.1	Sand, water en modder	A	draagdoek of draer
1.2.2	Die opvoeder moet die ouer-kind-verhouding waarneem	B	daaglikse waarneming
1.2.3	Fisies aktiewe spel ontwikkel	C	skeur van papier
1.2.4	Die opvoeder moet versigtig dink oor hul opmerkings	D	morsige spel
1.2.5	Stimuleer sosiale ontwikkeling tydens musiekaktiwiteite	E	vorderingsverslag
1.2.6	Geskikte kreatiewe aktiwiteit vir kinders wat nie met ’n skêr kan sny nie	F	aankoms en vertrek
1.2.7	Maniere om ’n baba te vervoer	G	grootmotoriese vaardighede
1.2.8	Werksoppervlakke vir verfwerk	H	tempo
1.2.9	Montering en vertoning van kinders se kuns	I	'ring-a-ring a’ roses'
1.2.10	Primêre kleure	J	vermy verwarring
1.2.11	Sekondêre kleure	K	groen, pers, oranje
1.2.12	Geen inligting oor kinders mag rondlê nie	L	goedkeuring en aanvaarding van eie werk
1.2.13	Kyk, reik en gryp	M	vertroulikheid
1.2.14	Kind het ’n gesprek op ’n speelgoedtelefoon	N	manipulasiespel
1.2.15	Musiekelement – vinnig en stadig	O	rooi, blou, geel
		P	esels, mure of tafels
		Q	geel, blou, groen
		R	toonhoogte
		S	fantasiespel

(15 × 2) (30)

1.3 Verskeie opsies word as moontlike antwoorde op die volgende vrae gegee. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (1.3.1–1.3.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.3.1 Watter item gee ’n gevoelservaring?

A Musiek
B Plafonne
C Kussings
D Muurkleur

1.3.2 Om veiligheidsredes moet alle oppervlakke en toerusting in ’n babakamer … wees.

A kleurvol
B glyvas
C giftig
D vlambaar

1.3.3 Watter speelding is ’n oorsaak-en-gevolg-speelding?

A Blok
B Teddiebeer
C Sandemmertjie
D Kisduiweltjie ('Jack-in-the-box')

1.3.4 Wanneer boeke vir jong kinders gekies word, moet die volgende in gedagte gehou word:

A Daar moet groot, duidelike, kleurvolle prente wees.
B Drie hoofkarakters is ideaal.
C Skuinsskrif is belangrik.
D Die boek moet dun papierbladsye hê.

1.3.5 Watter waarnemingsrekord word in ’n babakamer gebruik?

A Kognitiewe lys
B Weeklikse beplanning
C Deelnamekaart
D Waarnemingsfoto’s

1.3.6 Die opvoeder maak plakkate om …

A ouers te onderrig.
B ouers aan iets te herinner.
C inligting te gee.
D Al die bogenoemde.

Kopiereg voorbehou

1.3.7 Voorwerppermanensie is wanneer ’n baba …

A verskillende tekens herken.
B na ’n boek kyk.
C leer om hul gevoelens te beheer.
D besef dat ’n voorwerp nog daar is, selfs wanneer dit weggesteek is.

1.3.8 … is geskikte verfhulpmiddels vir babas.

A Toutjies
B Tandestokkies
C Verfkwaste en vingers
D Oorstokkies

1.3.9 ’n … is ’n voorbeeld van ’n veeldoelige speelding.

A Plastiekmotor
B Stel Lego
C Pop
D Houttrekker

1.3.10 Watter van die volgende het ’n invloed op kinders se spel?

A Gesondheid van die kind
B Konstruksiespel
C Mylpale
D Speelgoed met wieletjies

(10 × 1) (10)
[50]

TOTAAL AFDELING A: 50

Kopiereg voorbehou

AFDELING B

VRAAG 2

2.1 Akoestiek verwys na die klankkwaliteit van ’n kamer.

Noem VYF maniere om akoestiekkwaliteit in ’n babakamer te kry. (5 × 1) (5)

2.2 Bespreek die geskikte vloerkeuse vir ’n babakamer. (5 × 2) (10)

2.3 Kinders gaan deur verskeie stadiums van spel.

Bespreek die volgende stadiums van spel:

2.3.1 Alleenspel

2.3.2 Parallelspel

2.3.3 Sosiale spel

(3 × 3) (9)

2.4 2.4.1 Beskryf die term *manipulasiespel.* (2)

2.4.2 Bespreek die waarde van manipulasiespel vir jong kinders.
(4 × 2) (8)

2.4.3 Beskryf enige VIER vereistes vir wanneer die opvoeder geskikte materiaal vir manipulasiespelaktiwiteite moet kies.
(4 × 2) (8)

2.5 ’n Opvoeder moet hul lesaanbieding op hul eie evalueer om meer doeltreffend te wees.

Gee VIER vrae wat ná ’n les oorweeg kan word. (4 × 2) (8)
[50]

VRAAG 3

3.1 3.1.1 Bespreek hoe ’n ouer by hul kind se musiekontwikkeling betrokke kan wees. (4 × 2) (8)

3.1.2 Noem TWEE geskikte musiekinstrumente vir ’n babakamer.
(2 × 1) (2)

3.2 3.2.1 Tydens fantasiespel kan kinders uiting gee aan hul idees en emosies.

Bespreek die ontwikkelingsfases van fantasiespel. (3 × 2) (6)

Kopiereg voorbehou

3.2.2 Verduidelik wanneer, waar en hoe fantasiespel in ’n babakamer kan plaasvind. (4 × 1) (4)

3.2.3 Bespreek die rol van die opvoeder tydens fantasiespel. (6 × 1) (6)

3.3 Kopieer die volgende lesplan in jou ANTWOORDBOEK en voltooi dit deur ’n probleemoplossingsaktiwiteit vir ’n baba tot 12 maande te beplan.

Algemene inligting • • • • • • (6 × 1)			(6)
Bekendstelling – Doel	**Aktiwiteit**	**Apparaat**	
		(3 × 2)	(6)
Hoofaktiwiteit/Kern – Doel	**Aktiwiteit**	**Apparaat**	
		(3 × 2)	(6)
Gevolgtrekking – Doel	**Aktiwiteit**	**Apparaat**	
		(3 × 2)	
Evaluasie			(6)

[50]

VRAAG 4

4.1 4.1.1 Waarneming is die versameling van inligting.

Verduidelik die vereistes om deeglike waarneming te verseker. (8 × 1) (8)

4.1.2 Verduidelik hoe ’n opvoeder ’n kind se vordering by ’n ouervergadering kan bespreek. (6 × 1) (6)

4.2 Ouditiewe persepsie is hoe die brein interpreteer wat ons hoor.

Verduidelik die volgende terme:

4.2.1 *Ouditiewe bewustheid*

4.2.2 *Ouditiewe diskriminasie*

4.2.3 *Ouditiewe volgorde en geheue*

(3 × 2) (6)

4.3 4.3.1 Gee VYF vereistes vir die uitleg van ’n babakamer. (5 × 1) (5)

4.3.2 Lys VYF verskillende aktiwiteitsareas in ’n babakamer. (5 × 1) (5)

4.4 Houtwerk verg altyd toesighouding.

Noem VIER maniere waarop ’n opvoeder kan verseker dat die houtwerkaktiwiteit veilig plaasvind. (4 × 1) (4)

4.5 Bespreek die waarde van skeur-en-plak-aktiwiteite in die kleuterskool. (6 × 1) (6)

4.6 4.6.1 Modellering is ’n aktiwiteit wat ’n driedimensionele medium voorstel.

Lys SES toebehore wat vir modellering gebruik kan word. (6 × 1) (6)

4.6.2 Noem VIER tipes modelleringsaktiwiteite. (4 × 1) (4)

[50]

TOTAAL AFDELING B: 150
GROOTTOTAAL: 200

Kopiereg voorbehou